# Die doop van kinders van ouers wat kerklos geraak het

Prof. GDS Smit

## Inleiding

Een van die moeilikste vrae wat 'n kerkraad deesdae moet hanteer, is die geval van ‘n ouer wie se naam nog op die lidmaatregister staan, maar wat al jare lank nie meer die eredienste bywoon en onder die bediening van die Woord kom nie. En dan bel hulle die dominee of die kerkkantoor en vra dat hulle kind gedoop word. Soms word sulke mense selfs kwaad as hulle hoor dat die leraar eers met hulle ‘n gesprek wil hê oor die redes waarom hulle wil doop of oor hulle kerkbywoning.

Hierdie artikel wil graag riglyne gee vir sulke gevalle. Hier gaan ons nie bespreek of die kinderdoop skriftuurlik is nie en ook nie of kinders van gelowige ouers gedoop moet word nie. Dit is reeds voorheen bespreek. Die vraag wat ons hier bespreek is om moontlike antwoorde te gee op die vraag of die verbond verdwyn wanneer mense uit die kerk verdwyn?

Die kort antwoord is dat die kerk hier twee sake tegelyk in gedagte moet hou. Die een saak is die verbondsposisie van die kind. Die ander saak is die geestelike toestand van die ouer. Die eerste saak bepaal of daar gronde vir die doop van so ‘n kind is. Die tweede bepaal watter pastorale weg die kerkraad met die ouer moet loop en veronderstel ook die vraag waarom daar nie reeds vroeër met die kerklike tug opgetree was nie. Wie hierdie twee sake verwar, loop die gevaar om die doop as ‘n gewoonte of bygeloof te bedien, óf om die doop as ‘n suiwerheidstoets te gebruik.

## 1. Wat bedoel ons met "kerklos"?

Voordat ons oor die saak self praat, is dit belangrik om net kortliks ‘n definisie te gee vir wat met “kerklos” bedoel word. Die woord "kerklos" dek in die moderne praktyk verskillende omstandighede wat met mekaar verband kan hou, maar nie altyd dieselfde is nie. Voordat 'n ouderlingeraad kan besluit, moet hulle dus eers vasstel met watter geval hulle te doen het.

- Daar is die lidmaat wat belydenis van geloof afgelê het, wat steeds die Christelike geloof bely, maar wat deur werk, verhuising, huweliksomstandighede of geestelike agteruitgang uit die kerk verdwyn het.
- Daar is die lidmaat wat onder tug is of wat onder tug behoort te wees weens volhardende sonde in hulle lewe, waarvan die kerkraad dalk selfs bewus is, maar niks aan gedoen het nie.
- Daar is die persoon wat as kind gedoop is, maar wat nooit belydenis van geloof afgelê het nie en dus dooplidmaat gebly het en dus eers self as volwassene gekatkiseer moet

word en belydenis van geloof aflê voordat verder oor die moontlikheid van die doop van hulle kinders gepraat kan word.

- Daar is die persoon wat hom/haar formeel van die kerk onttrek het, hetsy omdat hulle kwaad is vir die kerk of die lidmate of omdat hulle om een-of-ander rede die bande met die kerk gebreek het.
- Daar is die persoon wat Christus en die kerk openlik verwerp en wie se lewe dit bevestig, maar wat die doop as 'n familietradisie of 'n kulturele gebruik wil behou.
- En daar is die egpaar waarvan die een gelowig en kerklik meelewend is en die ander een nie.

Al ses hierdie voorbeelde sal in die volksmond as "kerklos" beskou word. Dit is egter nie moontlik om hierdie sake eenders te hanteer nie, want elkeen het ‘n ander rede vir die kerklosheid. Daarom moet ‘n kerkraad onderskeid tref, anders sal die doop nie reg hanteer word nie.

## 2. Die grond van die kinderdoop is die verbond

God sluit sy verbond met Abraham en met sy nageslag. In Genesis 17:7 sê God: *"En Ek sal my verbond oprig tussen My en jou en jou nageslag ná jou in hulle geslagte as 'n ewige verbond, om vir jou 'n God te wees en vir jou nageslag ná jou"*. Die besnydenis was die teken van die ou verbond en word aan die kinders gegee. Let daarop dat die kinders wat uit Abraham se nageslag gebore was, almal die teken ontvang het. Die kind het nie eers geglo en is toe besny nie, maar hulle is besny omdat die kind binne die verbondsgemeenskap gebore is.

Dit is waarom die vertrekpunt van die doop altyd die verbond moet wees. Wanneer mense se prestasie of keuse die kern van die doop word, kan die doop maklik in 'n beloningstelsel verander. Die Skrif wys verder ook hoe die verbond in Israel hanteer is. Die hele volk Israel het aan die Pasga deelgeneem (Eks. 12). Die hele volk is deur die Rooisee gelei (Eks. 14). Die hele volk het die kwartels en die manna ontvang en water uit die rots gedrink (Eks. 16, Num. 11). Paulus sê hulle het almal dieselfde verbondstekens ontvang: *"Want ek wil nie hê, broeders, dat julle nie sou weet nie dat ons vaders almal onder die wolk was en almal deur die see deurgegaan het, en almal in Moses gedoop is in die wolk en in die see, en almal dieselfde geestelike spys geëet het, en almal dieselfde geestelike drank gedrink het…”.*

Let op die woordkeuse: *hulle is almal gedoop in die wolk en in die see*. Maar dit stop nie daar nie. Vers 5 sê: *"Tog het God in die meeste van hulle geen welbehae gehad nie, want hulle is neergeslaan in die woestyn".* Ons sien dus dat nie almal wat die verbondstekens ontvang het, gelowig was nie en nie almal is gered nie. Trouens, Paulus skrywe dat God in die meeste van hulle geen welbehae gehad het nie. Maar, God het nie eers gewag om te sien wie in die woestyn sou volhard voordat Hy vir hulle die Pasga, manna en water gegee het nie. Die feit

dat baie van hulle later in ongeloof geval het, sê nie dat die tekens ongeldig was nie. Dit bewys eerder dat die teken 'n oproep tot bekering bring.

Ons sien dat die Skrif leer dat die mens wat ‘n valse belofte aflê, nie die waarheid van God se verbond tot niet maak nie (vgl ook Rom. 3:3-4). Petrus se preek op Pinksterdag wys op dieselfde beginsel: *"Want die belofte kom julle toe en julle kinders en almal wat daar ver is, die wat die Here onse God na Hom sal roep"* (Hand. 2:39).

Paulus wys ook op die gevalle waar een van die ouers ‘n gelowige en een ‘n ongelowige is (die sogenaamde gemengde huwelike): *"Want die ongelowige man is geheilig deur die vrou, en die ongelowige vrou is geheilig deur die man; want anders sou julle kinders onrein wees, maar nou is hulle heilig."* (1 Kor. 7:14). Die Bybel sê dat sulke kinders wel 'n plek in die Christelike kerk het, en dat die geloof van een van die ouers genoeg gronde is om die kind te doop.

Die Heidelbergse Kategismus, Vraag en Antwoord 74 leer: Die kinders moet gedoop word omdat *"hulle net soos die volwassenes in die verbond van God en sy gemeente ingesluit is"*. Verder verbind die Nederlandse Geloofsbelydenis in Artikel 34 die betekenis van die doop aan die besnydenis: *“Ons glo daarenteen dat ons hulle behoort te doop en met die teken van die verbond te beseël, net soos die kindertjies in Israel kragtens dieselfde beloftes besny is…”.*

Let op wat die bostaande nié sê nie. Dit sê nie dat die kind gedoop word omdat sy ouers goeie kerkgangers is nie. Dit sê ook nie dat die doop 'n beloning vir getrouheid is nie. Dit sê dat die kind gedoop word omdat hy/sy aan die verbond van God behoort. Wanneer ouers wat self gedoop is, kerklos raak, is dit sonde en dit moet deur die ouderlinge aangespreek word. Maar hulle kerklosheid kanselleer nie hulle kind se plek in die kerk nie, net soos Israel se afvalligheid in die woestyn nie hulle kinders se besnydenis ongeldig gemaak het nie.

Die dwaalleer van die Donatiste van die vierde eeu, en die vroeë kerk se hantering daarvan, gee vir ons sleutels om met hierdie vraag oor die doop af te lei hoe die kerkvaders oor die saak sou dink. Augustinus antwoord die Donatiste se dwaalleer en hy beklemtoon dat die geldigheid van die doop nie afhanklik is van die persoonlike heiligheid van die bedienaar of van die geestelike toestand van die ouers nie, maar van Christus, wat die sakrament ingestel het. Die heiligheid van die bedienaar of die van die ouers, voordat die sakramente bedien mag word, was juis die kernpunt van die Donatistiese dwaalleer.

## 3. Wat beteken "gelowige ouers" in konfessionele taal?

Terselfdertyd trek die gereformeerde belydenisse wel 'n streep, wat ons ernstig moet opneem. Die Heidelbergse Kategismus sê dat die kinders deur die doop in die Christelike kerk ingelyf en van die kinders van die ongelowiges onderskei moet word (HK Sondag 27, Antwoord 74).

Wat beteken "gelowig" hier? Ons moet in ag neem dat die kerk geen vermoë het om te bepaal of 'n ouer wedergebore is nie. Dit is ook nie die kerkraad se taak om dit te beoordeel nie. "Gelowig" beteken in kerklike taal dat 'n persoon 'n geloofwaardige belydenis van die Christelike geloof afgelê het en op grond daarvan as lidmaat van die sigbare kerk gereken word en dat hulle lewe getuig daarvan.

Dit is presies wat die vraagstuk van kerklosheid so belangrik maak. Indien "gelowige ouer" bloot beteken "iemand wat sê hy glo", kan almal wat by die kerk aanmeld, se kinders gedoop word, en dan word die doopregister 'n kerklike geboortesertifikaat. Indien "gelowige ouer" beteken "iemand wat 'n geloofwaardige openbare belydenis afgelê het en onder die Woord, die sakramente en die opsig van die kerk leef", is die doop 'n kerklike sakrament soos die Skrif dit bedoel. So, hoewel die kerkraad nie in die hart van mense kan kyk nie, kan hulle wel bepaal of die belydenis en die lewe van die doopouer met die Skrif ooreenstem.

Die vraag wat mense dikwels vra is of die kerk die kind kan straf vir die ouer se sonde? En die antwoord is: Nee! 'n Ouer se traagheid, sy verwaarlosing van die erediens, selfs sy/haar val in ernstige sonde, verander nie die feit dat hy/sy 'n belydende lidmaat van die sigbare kerk is en dat die kind daarom binne die verbondsgemeenskap gebore is nie.

Terselfdertyd mag die kerk nie die doop gebruik om die ouer se ontrouheid te legitimeer nie. Wanneer 'n leraar 'n kind doop sonder om 'n woord te sê oor die ouer se afwesigheid van die Nagmaal en die erediens, dan sê die ouderlingeraad in effek dat kerklidmaatskap nie eintlik belangrik is nie. Om in hierdie geval vriendelik te wees, vermom eintlik die lafhartigheid om op te tree volgens die kenmerke van ‘n ware kerk, soos Nederlandse Geloofsbeslydenis artikel 29 dit stel, wat die kerklike tug insluit.

Dit blyk dus dat die aangewese weg nie is om te kies tussen die kind en die ouer nie, maar om albei te hanteer. Die kerklos ouer moet vermaning ontvang, onderrig word waar nodig, belydenis van geloof aflê indien dit nog nie gedoen is nie en langs die weg van Mattheus 18 begelei word tot inkeer indien hulle afgedwaal het.

## 4. Wie kan die belofte aflê?

In die doopformulier word die ouers of voogde gevra of hulle onderneem om die kind in die leer van die Skrif en die belydenis van die kerk te onderrig en te laat onderrig. Dit is 'n openbare belofte voor God en die gemeente. Hierdie belofte is die praktiese toets waarmee gewerk word. As die ouers volmaak moes wees, sou geen kind ooit gedoop kon word nie. Die vraag is egter of die ouer die belofte kan aflê om hulle kind te onderrig en te laat onderrig en dit ernstig genoeg bedoel, dat dit nie 'n openbare leuen is nie. 'n Ouer wat bereid is om hierdie belofte af te lê, moet voor-die-hand-liggend ook bereid wees om vermaan te word as hulle versuim om die belofte na te kom.

Aan die ander kant: 'n ouer wat Christus openlik verwerp, wat die kerk se leer as vals beskou, of wat uitdruklik nie van plan is om die kind kerklik te laat onderrig nie, mag nie die belofte aflê nie, want hy kan nie belowe wat verwag word nie.

So die eerlikste manier om te bepaal of ‘n kind van ‘n kerklos ouer gedoop kan word, is om te vra: "kan jy met eerlikheid hierdie belofte voor God aflê, en verstaan jy wat jy belowe?". Indien die ouer bevestigend antwoord, rus die onus van die belofte nie meer op die leraar of die ouderlingeraad nie, maar op die ouer en as hulle ‘n leuen vertel het, sal hulle voor God daarvoor rekenskap moet gee.

## 5. Gevallestudie

Op grond van bogenoemde kan die gevalle soos volg onderskei word.

- **‘n Belydende lidmaat wat kerklos geword het**

Die ouers moet vermaan word en indien nodig, moet langs die weg van die kerklike tug opgetree word. Indien die ouers egter die doopbelofte kan onderskryf, kan die kind gedoop word. Die doopgesprek voor die doop is die geleentheid om die ouer te vermaan, om die betekenis van die belofte te benadruk en om die uitnodiging terug na die erediens en die Nagmaal te rig. Die doop kan hier die aanleiding wees waardeur 'n gesin weer inskakel.

- **Die ouer onder tug wat nie afgesny is nie**

Wanneer iemand onder sensuur of kerklike tug is, word alle lidmaatvoorregte opgeskort, wat toegang tot die sakramente insluit. Die lidmaat onder sensuur moet die erediens bywoon, maar kan nie hulle kinders doop totdat hulle berou oor die sonde getoon en deur die ouderlingeraad hertoegelaat is nie. Die persoon is steeds 'n lidmaat van die sigbare kerk, maar die kind kan in so geval nie gedoop word nie.

- **Die dooplidmaat wat nooit belydenis afgelê het nie**

Dit is die geval wat in ons omgewing die meeste voorkom. Die persoon is dikwels self gedoop en is dus in 'n sekere sin 'n lid van die kerk, maar hy/sy het nooit self belydenis van geloof afgelê, waarop die doopbelofte rus nie. Die gereformeerde kerke aanvaar dat die doopbelofte slegs deur belydende lidmate afgelê kan word. Die ouer moet langs die weg van volwasse kategese na belydenisaflegging gelei word.

Waar die een ouer wel ‘n belydende lidmaat is, is daar geen beletsel nie, want die belydenis vereis dat een of albei gelowige ouers die doopbelofte aflê. Slegs die ouer wat ‘n belydende lidmaat is, mag egter op die doopvrae antwoord.

- **Die ouer wat hom/haar onttrek het**

Iemand wat sy/haar lidmaatskap formeel beëindig het en/of hulself openlik van die kerk gedistansieer het, kan nie met eerlikheid die leer van die kerk onderskryf of belowe om hulle kind te laat onderrig nie. Hier is evangelisasiewerk nodig, maar die kind kan nie gedoop word nie.

- **Die ongelowige wat die doop as tradisie wil hê**

Die ouderlingeraad moet vriendelik, duidelik en sonder verwyt “nee” sê. Dit kan nie. Die gesprek kan gebruik word om die ouer self na Christus en sy kerk te roep. Die weiering van die doop is nie die einde van die gesprek nie. Dit behoort die begin daarvan te wees. Maar solank die persoon se houding en standpunt teenoor die kerk en sy begrip van die doop as sakrament, nie verander nie, kan die doop nie bedien word nie.

## 6. Grootouers en voogde

Die vraag word ook gereeld gevra of 'n gelowige ouma en oupa die doopbelofte kan aflê wanneer die ouers self kerklos is? Die kerk het van vroeg af toegelaat dat getuies namens die kind optree waar die ouers dit nie kon doen nie. Die beginsel is dat iemand binne die verbondsgemeenskap volle verantwoordelikheid vir die kind se geestelike opvoeding moet aanvaar, en dat hierdie verantwoordelikheid werklik uitgeoefen moet kan word.

Die praktiese toets is dus of die grootouer of voog in 'n posisie is om die kind kerklik op te voed. 'n Ouma of oupa wat die kind elke Sondag saambring kerk toe, is nie dieselfde as 'n ouma of oupa wat driehonderd kilometer ver woon en wat net graag wil hê dat die kind gedoop moet wees nie. In die eerste geval is die antwoord op die vraag, definitief “ja” en in die tweede voorbeeld is die antwoord “waarskynlik nie”.

Waar die ouers die kind se opvoeding hanteer en weier dat die kerk daarby betrokke kan wees, kan ‘n ouma, oupa of voog nie die doopbelofte namens die ouers aflê nie.

## 7. Twee uiterstes wat vermy moet word

Die een uiterste is dat die doop bedien word as ‘n bygeloof of gewoonte. Die gesin kom een Sondag, die kind word gedoop, die foto's word geneem, en daarna sien die gemeente hulle weer by die volgende doop. Wanneer die kerk dit sonder ‘n woord van vermaning toelaat, word die sakrament ontheilig en word ‘n valse belofte afgelê.

Die tweede uiterste is dat die doop 'n suiwerheidstoets word. Die Skrif en gereformeerde belydenisse vereis 'n geloofwaardige antwoord op die doopvrae, nie dat die ouers sondeloos moet wees nie. Indien die doopouers die belofte verstaan en sonder beswaar kan aflê, behoort die doop bedien te word.

## 8. Praktiese riglyne vir die leraar en ouderlinge

Ter opsomming, kan ‘n paar praktiese wenke gegee word vir die leraar of ouderlingeraad wat moet beoordeel of ‘n kind gedoop kan word.

1. Stel vas met watter geval jy werk. Vra of die ouer 'n belydende lidmaat is, 'n dooplidmaat, 'n persoon onder tug, of iemand buite die kerk.
2. Moenie probeer om in die hart te kyk nie, maar toets die belydenis. Die vraag is of die ouer die geloof en die belydenis van die kerk onderskryf en bereid is om onder die gesag van die Woord te leef.
3. Onderskei tussen "nie getrou nie" en "nie gelowig nie". Swak kerkbywoning is 'n saak vir vermaning en tug.
4. Moenie die doop weier as een ouer ongelowig is nie. Die Skrif is duidelik dat een ouer genoeg is om die belofte met eerlikheid te kan nakom.
5. Verduidelik die doopbeloftes aan die ouer(s) voor die tyd, en aanvaar as hulle meen hulle kan dit met vrymoedigheid onderskryf.
6. Maak seker dat die doopgesprek ook die verduideliking van die belofte van die kind se opvoeding insluit.
7. Maak seker dat die kind by die verbondsonderrig/kategese inskakel en vermaan die ouers as dit nie gebeur nie.
8. Die ouderlingeraad moet rekord hou van die besluit en die redes daarvoor. Indien ‘n kerkraad nie notuleer wat besluit is nie, kan dit binne twee jaar teenstrydig toegepas word.

## Samevatting

Die kerk mag nie sommer elke kind doop wie se ouers aanmeld nie. Ons het die taak om te waak oor die suiwerheid van die leer en die bediening van die sakramente. Die doop word

deur die Bybel aan die verbond verbind, die verbond word aan die sigbare kerk verbind, en die sigbare kerk word aan 'n geloofwaardige belydenis en voorbeeldige lewe getoets.

Die ouderlinge kan nie hulle verantwoordelikheid verskuif na die leraar om te besluit wie gedoop kan word en wie nie. Volgens die formulier vir die bevestiging van kerkraad dra die ouderlinge die verantwoordelikheid om toe te sien dat die sakramente nie ontheilig word nie.

Wie met eerlikheid op die doopvrae kan antwoord, behoort toegang te kry tot die doop. Wie duidelik die doop as ‘n gewoonte of bygeloof gebruik, moet van die doopvont weggehou word.

Augustus 2026